

22 Augustus

Skrifgedeelte: Romeine 8:1-17
Fokusgedeelte: Matteus 5:9

Geseënd is die vredemakers

Wat het jy al gedoen om vrede te bewerk? Ek en jy as gelowiges is immers hier op aarde geplaas om vrede te maak. As ons nie die Here se vrede bring nie, sal daar niemand wees wat dit doen nie.

Miskien moet ons eers reguit vra of jy vrede ken. Het jy vrede met God? Daar begin alles. As sondige mens kan jy nie in vrede met God lewe nie, tensy jy glo in die Vredevoers, Jesus Christus. Dan eers kan ons vra of jy vrede met jou medemens het. Dan eers kan jy begin meewerk aan God se plan om vrede op aarde te bring. 'n Gelowige moet met sy teenwoordigheid, sy woorde en sy dae vrede bewerk. Waar hy beweeg, moet daar vrede rondom hom wees: vrede tussen man en vrou, vrede tussen kinders en ouers, vrede tussen medegelowiges, vrede by die werksplek, vrede op die sportveld – ja, orals vrede.

Natuurlik is dit nie vrede ten alle koste nie, maar vrede volgens die wil van God. Moet tog nooit met die duiwel en sy werke vrede maak nie!

God belowe dat jy geseënd sal wees as vredemaker. Jy sal kind van God genoem word, deur God self en deur ander mense. Met sy wederkoms sal jy deelhê en deelneem aan die vrederyk. Jy sal 'n eretitel ontvang.

Jy sien, jy kan iets aan die onvrede in die wêreld doen.

Sing: Skrifberyming 4-6

Ds. Fanie Coetzee (Potchefstroom-Noord)